# Sing die Waarheid

Hierdie boek behoort aan



singing-the-truth_interior.indd 2 2017/10/13 12:06 PM

singing-the-truth_interior.indd 3 2017/10/13 12:06 PM

*Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative professionals who volunteer to create new, African storybooks that anyone can freely translate and distribute. To find out more, and to download beautiful, print-ready books, visit bookdash.org.*

*Sing die Waarheid: die storie van Miriam Makeba*
Illustrated by Louwrisa Blaauw
Written by Jade Mathieson
Designed by Bianca de Jong
Translated by Nal'ibali
with the help of the Book Dash participants in Cape Town on 30 August 2014.

ISBN: 978-1-928377-80-1

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/). You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

Attribution: You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.
No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.
Notices: You do not have to comply with the license for elements of the material in the public domain or where your use is permitted by an applicable exception or limitation.
No warranties are given. The license may not give you all of the permissions necessary for your intended use. For example, other rights such as publicity, privacy, or moral rights may limit how you use the material.

# Sing die Waarheid

Die storie van Miriam Makeba



Lank gelede is daar in die groot stad Johannesburg 'n babadogtertjie gebore. Daardie baba was ek. My ma het my Zenzile Miriam Makeba genoem.



singing-the-truth_interior.indd 6 2017/10/13 12:06 PM



Ma was 'n sangoma, maar sy het ook gewerk om ander mense se huise netjies en skoon te maak. Dit was swaar vir my ma om genoeg geld vir albei van ons te verdien. Sy het tuisgemaakte bier begin verkoop om meer geld te verdien.





Die wette van die land het gesê dit is verkeerd om tuisgemaakte bier te verkoop. Die polisie het my ma vir ses lang maande tronk toe gestuur. Ek was maar 18 dae oud, en het my ma nodig gehad. So, al was ek net 'n baba, is ek ook tronk toe.



singing-the-truth_interior.indd 10 2017/10/13 12:07 PM



As 'n klein dogtertjie het ek graag gesing. Toe ek ouer word, het ek my ma gehelp om huise skoon te maak. As ek liedjies gesing het terwyl ek werk, het dit gevoel of die werk vinniger klaarkom en die dae het vroliker gevoel. Om te sing het my gelukkiger gemaak as wat ek in woorde kan beskryf.



singing-the-truth_interior.indd 12 2017/10/13 12:07 PM



Ek het in ons kerk gesing, en dit het ander ook gelukkig gemaak. Musiek het die krag om mense bymekaar te bring. Wanneer ons gesing het, het ons dapper en sterk gevoel.





Mense het gesê my stem is my gawe en my liedjies is spesiaal. Ek het saam met ander musikante gesing en ons musiek is oor die hele wêreld versprei.



singing-the-truth_interior.indd 16 2017/10/13 12:07 PM



My huis was in Sophiatown, 'n plek vol kultuur en musiek; 'n plek waar Suid-Afrikaners in harmonie musiek kon maak en saam kon dans. Maar die mense wat in daardie tyd die land regeer het, het nie van hierdie samehorigheid gehou nie. Daardie heersers wou nie hê swart en wit mense moes vriende wees nie.





Ek het geweet dis verkeerd om mense verskillend te behandel na gelang van hul velkleur. Ek het nie my oortuigings weggesteek nie, en daarom wou die mense in beheer my uit die land uit hê. Ek het in Amerika gaan sing. Daar is vir my gesê dat ek nooit weer kon terugkom huis toe nie.





Mense oral in die wêreld het my storie gehoor. My liedjies en my storie het baie mense gehelp om te sien dat daar in Suid-Afrika geen regverdigheid vir swart mense was nie. Ek het besluit om aan te hou sing en die waarheid oor my land te vertel, ongeag wat gebeur.





Mense oral in die wêreld was dol oor my musiek en ek is in baie lande verwelkom. Ek het toekennings ontvang en vir belangrike mense oral in die wêreld gesing. My lewe was goed, maar iets het kortgekom. Ek kon nie in my eie land sing nie, en mense daar was nie vry nie.





’n Wonderlike dag het aangebreek toe Nelson Mandela president van Suid-Afrika geword het. Daar was nou nuwe mense in beheer en die onregverdige wette het tot die verlede behoort. Ek het uiteindelik huis toe gegaan met nuwe hoop in my hart.





Daarna kon ek in 'n vry, regverdige land sing. Mense met verskillende velkleure kon saam musiek geniet. Ek het gehelp om dit moontlik te maak, want ek was dapper en sterk. Ek het in al my liedjies die waarheid gesing.





singing-the-truth_interior.indd 30 2017/10/13 12:07 PM

singing-the-truth_interior.indd 31 2017/10/13 12:07 PM



singing-the-truth_interior.indd 32

2017/10/13 12:07 PM